Huiskerk
Quellerina Gemeente

# Leefkuns

# Vertroue

## Rigters 6-8

*Hopelik sal dit nooit gebeur dat mense ons nie meer verstom nie. Om na mense te kyk, is soms snaaks, ander kere lagwekkend, heel dikwels erg pynlik en soms sommer net seer.*

*Hoe op aarde is dit moontlik dat iemand sê: "Ek vertrou niemand nie," maar dan kwaad word wanneer niemand hom of haar vertrou nie?*

*God plaas vertroue in ons om sy werk op aarde te doen. Hy vertrou ons met hierdie belangrike take, maar ons sukkel om mekaar te vertrou. God vertrou vir Gideon (Rigters 6-8).*

*Hy roep hom om 'n groot werk vir Hom te doen. Maar dan vra God vir Gideon om die vyand met net 300 soldate aan te vat. Gideon moes leer om ander te vertrou net soos God hom vertrou.*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas hierdie by jou lewe in?*

*Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?*

*Wat kan jy baat , sou jy hierdie "kuns" kan aanleer in jou lewe?*

**Definisie:**

*om te glo dat iemand eerlik is en jou nie sal verkul of seermaak nie.*

(Bybel 24/7)

Huiskerk
Quellerina Gemeente

# Leefkuns

## Vertroue

*Lees Rigters 6:13. Op watter manier blameer Gideon God vir sy probleme hier?*

*Is Gideon se beoordeling akkuraat? Hoekom of hoekom nie? Waarom blameer ons God?*
*Wat is die gevaar en hoe kan ons dit in die toekoms ophou doen?*

*Lees Rigters 6: 12-16. Hoe het God Gideon gesien? Hoe het Gideon homself gesien?*

*Wie se selfpersepsie is die mees akkurate? Hoe kan ons eie selfpersepsie verhoed dat ons word soos wat God ons gemaak het? Wat is God se antwoord op Gideon se selfbeeld?*

*Is daar gebiede in jou lewe waar jy God met jou woorde eer, maar dan die teenoorgestelde met jou optrede doen?*

*Hoe sal jy vertroue aan iemand beskryf?*

Quellerina Gemeente